

# **WINBIRD HANDLEIDING**

## **INHOUD**

<b><u>AFDELING</u></b>	<b><u>ONDERWERP</u></b>
<b>A</b>	<b>VOORAF INVOER VAN NOMINASIE KODES EN DUIWE</b>
<b>B</b>	<b>AFSTAND HER-BEREKENING</b>
<b>C</b>	<b>WEDVLUG IDENTIFIKASIE</b>
<b>D</b>	<b>BENZING ELEKTRONIESE KLOKKE</b>
<b>E</b>	<b>TIPES ELEKTRONIESE KLOKKE</b>
<b>F</b>	<b>BRICON ELEKTRONIESE KLOKKE</b>
<b>G</b>	<b>BYVOEG VAN ELEKTRONIESE KLOK DATA BY DIE UITSLAG LEERS</b>
<b>H</b>	<b>HAND KLOK DATA</b>

## A. VOORAF INVOER VAN NOMINASIE KODES EN DUIWE

Hierdie handleiding is geskryf vir Winbird Release 2011 Build 1.3 of hoër. Genoemde weergawe maak dit moontlik om alle nominasie kodes vir die seisoen vooraf in te sleutel. Vir die Unie/Federasie en Combine word hierdie fasiliteit reeds gebruik en sal alle nominasie kodes wat van toepassing is op u stelsel ingevoer wees. Klubs kan ook hierdie fasiliteit gebruik om voor die aanvang van die seisoen al die klub nominasie kodes vir elke wedvlug vooraf in te voer.

Genoemde weergawe bevat ook 'n fasiliteit om vir elke wedvlug reeds op inkroring aand die nommers van die genomineerde duiwe in te sleutel. Die program sal outomaties die koppeling van genomineerde duiwe met die klok data doen. Indien u egter verkies om nie hierdie roete te volg nie, kan die nominasies tydens die uitslag verwerking ingetik word.

## B. AFSTAND HER-BEREKENING

Die eerste stap van die naweek nadat die program gelaai is, is om die **afstande te her-bereken** volgens die loslatings koördinate soos van die begeleiers ontvang. Die detail stappe van hierdie proses is soos volg:

1. Klik op "Distance" en dan op "Change Distance Point/Race Station Coordinates".
2. Kies die loslatings punte een vir een en verander die bestaande waardes van die Breedte en Lengte grade na die nuwe waardes wat per SMS vanaf die Wedvlugsekretaris ontvang is.
3. Klik nou op "Close" om na die vorige skerm terug te keer en dan op "Calculate Member/Flyer Distance on Coordinates" om die her-berekenings proses te aktiveer.
4. Klik op "WSG84" sodat die program weet watter formule om te gebruik en na die her-berekening word die proses afgesluit deur op "Close" te klik.

## C. WEDVLUG IDENTIFIKASIE

Nadat die afstande her-bereken is, moet die program ingelig word oor **watter wedvlugte verwerk moet word** en die detail stappe van hierdie proses is soos volg:

1. Kies "Calculate Races" op die Hoofskerm.
2. Kies die 1ste wedvlug van die naweek uit die tabel van wedvlugte en sleutel die wind, weer, aantal lede en aantal duiwe in.

3. Kies nou “Select Clock Details” en sleutel die klok stel data en loslatings tyd van die betrokke wedvlug in voordat u klik op die “Add Clock Detail” blokkie wat direk onder die inligting verskyn. Daar moet ten alle tye gepoog word om alle handklokke en elektroniese klokke se kontrole eenhede (Cans) gelyktydig aan die gang te sit, sodat daar slegs een stel klok besonderhede per wedvlug is. Indien daar handklokke is wat op ander tye as die elektroniese klokke se kontrole eenhede In en Uit geslaan is, moet u op die “Add New Clock Detail” opsie aan die linker kant klik om hierdie bykomende klok stel data by te voeg en op die “Add Clock Detail” blokkie onder aan die inligting klik om hierdie bykomende klok stel data te aanvaar. Dit is baie belangrik dat u in sulke gevalle eers die elektroniese klokke met hul enkel stel klok besonderhede afhandel en eers net voordat u die hand klokke verwerk, hierdie bykomende klok besonderhede byvoeg, aangesien die outomatiese inlees van elektroniese klokke met probleme gepaard gaan indien daar meer as een stel klok besonderhede vir ’n wedvlug ingevoer is.
  
4. Die **Nominasie kodes** wat vir die wedvlug van toepassing is word op hierdie stadium ook aan die program bekend gestel. Die Unie/Federasie en Combine nominasies sal reeds vooraf ingevoer wees soos in die inleiding genoem, maar indien dit ontbreek moet dit op hierdie stadium saam met die klub nominasies opgestel word. Die detail stappe van hierdie proses is soos volg:
  - a) Kies “Add/Delete Nomination” uit die kieslys aan die linkerkant van die skerm, wat die nodige velde links onder op die skerm sal vertoon.
  
  - b) Die eerste veld is “Nomination Name” en u voltooi die kode waaroor daar ooreengekom is vir die nominasie. Byvoorbeeld BS vir die Unie Breedertsstake en KB vir die Klub Breedertsstake ens.
  
  - c) Die “TAB” sleutel word nou 2 keer gedruk en nou is u by ’n “Drop Down Box” waar u die tipe nominasie kan kies. Hier kies u gewoonlik “Normal Nomination” vir enkel duif nominasies soos Potgeld, Pontoon en Breedertsstake.
  
  - d) Net onder die tipe nominasie is ’n volgende “Drop Down Box” met die naam “Level” wat u in staat stel om aan te dui op watter vlak die nominasie van toepassing is. Hierdie vlakke is Klub, Unie/Federasie of Combine. En die “Drop Down Box” beskryf die 3 opsies as Club, Fed/Union en Fed/Union Combine onderskeidelik. Dit is van uiterste belang dat u die korrekte vlak kies, aangesien die intrek van uitslae op elke hoër vlak slegs die nominasie kodes van daardie vlak saam sal intrek. Alle nominasie kodes van laer vlakke word tydens intrek van uitslae geïgnoreer. As u dus vir ’n wedvlug, wat op Combine vlak aangebied word, foutiewelik Club of Fed/Union as die vlak kies, sal die nominasie kode van u Klub se duiwe nie op die Combine uitslag verskyn nie.
  
  - e) Om die nominasie kode te stoor, klik u op die “Add Nomination” blokkie heel onder aan die skerm en dan herhaal u die hele proses vir al die ander nominasie kodes wat op die betrokke wedvlug van toepassing is.
  
5. Kies nou “Select a New Race” en kies die tweede wedvlug van die dag uit die tabel en sleutel ook hier die wind, weer, aantal lede en aantal duiwe asook die klok stel data en nominasie kodes soos in 2 tot 4 hierbo, in.

Alles is nou gereed om die data vanaf die elektroniese klokke en daarna die hand klokke in te lees. Daar word aanbeveel dat u eers die Benzing elektroniese klokke, daarna die Tipes klokke, daarna die Bricon klokke en heel laaste die Hand Klokke se data inlees. Daar is afsonderlike gedeeltes in hierdie handleiding vir elkeen van die genoemde klokke.

## **D. BENZING KLOKKE**

Indien die voorgeskrewe eerste stappe van die naweek, nl. afstand her-berekening en wedvlug identifikasie nagekom is, sal die spoed berekening skerm op hierdie stadium op die rekenaar vertoon word. Van hierdie skerm af kan u voortgaan om die Benzing elektroniese klokke in te lees.

Om die Benzing klokke outomaties in te lees, word soos volg te werk gegaan:

1. Kies die “Import Electronic Clocks” opsie en klik dan op die “Atis” blokkie.
2. Die Com poort nommer wat op die rekenaar in gebruik is, word in die data blokkie wat “Com Port” gemerk is (gewoonlik 1), voltooi.
3. Die tabel van duiwe klok data wat reeds ingelees is verskyn regs in die middel van die skerm en moet weekliks net voordat die eerste klok van die nuwe week se data bygevoeg word, eers skoongemaak word. Dit word gedoen deur op die “Clear All Clock Records” blokkie te klik voordat stap 4 hieronder vir die eerste keer gedurende ‘n nuwe week uitgevoer word. Hierdie opsie moet ook uitgevoer word indien daar om een of ander rede besluit word om alle klokke weer van voor af in te lees.
4. Koppel ‘n klok aan die antenna en die antenna aan die rekenaar se Com poort en stel die klok se funksie na kommunikasie met die rekenaar.
5. Die 2 wedvlug nommers wat vir die naweek se wedvlugte gebruik is (normaalweg 1 en 2) asook die wedvlug name en die lid se naam word nou in die matriks onder aan die linkerkant van die skerm voltooi. Daar is ‘n “Clear” blokkie wat gebruik kan word om ‘n vorige lid se data uit die matriks te verwyder voordat die data voltooi word.
6. Na voltooiing van die matriks word daar aan die regterkant van die skerm eers op “Read Race Data” geklik wat die Blou Topcom venstertjie laat verskyn terwyl die klok se data gelees word. Sodra die data klaar gelees is, verdwyn die Topcom venstertjie en moet daar op die “Interpret Race Data” blokkie geklik word om die duiwe wat geklok is se data sal by die tabel in 3 hierbo genoem, by te voeg.
7. Indien u klub ook aan elke lid ‘n lys van geklokte duiwe voorsien, moet u klik op die “Print Member Data” blokkie om ‘n lys te druk van die geklokte duiwe.
8. Die betrokke klok is nou afgehandel en die volgende klok kan nou gekoppel word soos in stap 4 hierbo, voordat die stappe weer tot by 7 herhaal word.
9. Nadat alle klokke se inligting ingelees is, klik u op die “Close” blokkie, wat regs bo aan die skerm is, om na die “Electronic Clocks Option” skerm terug te keer.

10. Indien u klub slegs Benzing klokke outomaties inlees, kan u voortgaan en die elektroniese klok data by die uitslae voeg soos omskryf in Afdeling G. Anders kies u weer opsie 1 op die skerm naamlik “Download Clocks to PC”, vanwaar u die Tipes klokke se stappe volg.

## **E. TIPES KLOKKE**

Die “Electronic Clocks Option” skerm moet op die rekenaar vertoon word.

1. Kies die “Download Clocks to PC” opsie en op die volgende skerm klik op die boonste Tipes blokkie ( Version 2.01).
2. ‘n Dos skerm sal verskyn wat die “interface” tussen Winbird en die klok verteenwoordig.
3. Koppel die klok aan die antenna en die antenna aan die rekenaar se Com poort en stel die klok se funksie na kommunikasie met die rekenaar.
4. EENMALIG: Slegs tydens die heel eerste keer wat die betrokke klok in ‘n wedvlugseisoen gelees word, word F3 gedruk om die klok en die lid se besonderhede vanaf die klok na die Winbird program oor te dra. Hierdie aksie verseker ook dat die lid se naam by die lys van Tipes lede op die skerm gevoeg word.
5. Die lid wie se klok gelees gaan word moet in die lys van lede wat verskyn met ‘n klik van die muis gemerk word en die lidnommer (3 karakters) wat onder “Breeder” verskyn moet genoteer word.
6. Druk F7 om die rou wedvlug data vanaf die klok na Winbird oor te dra.
7. Druk nou Alt en X gelyk om die Dos skerm te sluit.
8. Klik ook op die “Close” blokkie links onder om die Tipes Instruksies te verwyder vanaf die skerm.
9. Voltooi nou die 3-karakter lidnommer wat in stap 5 hierbo genoteer is in die blokkie op die skerm en klik op “Check Race Number used”.
10. Die 2 wedvlug nommers wat deur die klok vir die naweek se wedvlugte gebruik is, sal in die data blokkie verskyn en hierdie 2 nommers moet saam met die 2 wedvlug name en die lid se naam gebruik word om die matriks onder aan die linkerkant van die skerm te voltooi. Daar is ‘n “Clear” blokkie wat gebruik kan word om ‘n vorige lid se data uit die matriks te verwyder voordat die data van nuuts af voltooi word.
11. Die tabel van duiwe wie se klok data reeds ingelees is verskyn regs in die middel van die skerm en moet weekliks net voordat die eerste klok van die nuwe week se data bygevoeg word, eers skoongemaak word. Indien hierdie tabel alreeds voor die inlees van die Benzing elektroniese klokke skoongemaak is, moet dit **NIE NOU WEER SKOONGEMAAK WORD NIE**. Indien daar egter geen Benzing elektroniese klokke ingelees is nie, moet hierdie tabel skoongemaak word deur op die “Clear All Clock Records” blokkie te klik voordat stap 12 hieronder vir die eerste keer gedurende ‘n nuwe week uitgevoer word. Hierdie opsie moet

ook uitgevoer word indien daar om een of ander rede besluit word om weer alle klokke van voor af in te lees.

12. Na voltooiing van die matriks word daar aan die regterkant van die skerm op “Interpret Race Data” geklik en die duiwe wat geklok is se data sal by die tabel in 11 hierbo genoem, bygevoeg word.
13. Indien u klub ook aan elke lid ’n lys van geklokte duiwe voorsien, moet u klik op die “Print Member Data” blokkie om ’n lys te druk van die geklokte duiwe.
14. Die betrokke klok is nou afgehandel en u klik regs bo op die “Close” blokkie om die skerm te sluit en terug te keer na die spoed berekening skerm.
15. Koppel nou die volgende klok en herhaal vanaf stap 1 met die volgende klok.
16. Nadat alle klokke se inligting ingelees is, sal die “Electronic Clocks Option” skerm weer op die rekenaar verskyn.
17. Indien u klub nie Bricon klokke outomaties inlees nie, kan u voortgaan en die elektroniese klok data by die uitslae voeg soos omskryf in Afdeling G. Anders gaan u nou voort om die Bricon klokke in te lees.

## **F. BRICON KLOKKE**

Wat by die Bricon klokke baie belangrik is, is dat die wedvlug opsie op die klok gebruik moet word wanneer die duiwe vir die eerste wedvlug van ’n naweek ingekorf word. Hierdie opsie verskyn op die klok se vertoonskerm as “Race1” Hierdie eerste wedvlug is altyd op die klok en kan nie verwyder word nie. ’n Vêrdere wedvlug moet op die klok bygevoeg word vir die tweede wedvlug van die betrokke naweek.

Indien hierdie opsie nie vir die eerste wedvlug se inkorwing gebruik word nie, word alle data op die klok tydens die intrek proses geïgnoreer.

Die “Electronic Clocks Option” skerm moet op die rekenaar vertoon word.

1. Kies die “Download Clocks to PC” opsie en klik op die Bricon blokkie.
2. ’n Venster sal verskyn wat die “interface” program tussen Winbird en die klok verteenwoordig. Die program is die “Bricon Club Master” program en in die middel van die venster word ’n wagwoord aangevra. Die wagwoord is reeds vooraf voltooi en al wat nodig is, is om op “OK” te klik.
3. 3. Koppel die klok aan die antenna en die antenna aan die rekenaar se Com poort en stel die klok se funksie na kommunikasie met die rekenaar.
4. Klik op die “Close” blokkie links onder om die Bricon Instruksies te verwyder vanaf die skerm. U sal opmerk dat die venster van die “interface” program nou ook verdwyn en as ’n

Icon wat hierdie program verteenwoordig, in die onderste lyn van die skerm verskyn. U gaan later in stap 9 op hierdie Icon klik om die program venster weer aktief te maak.

5. Voltooi die Com poort nommer wat u gaan gebruik (normaalweg altyd 1)
6. Die 2 wedvlug nommers wat deur die klok vir die naweek se wedvlugte gebruik is, is altyd 97 en 98 en hierdie 2 nommers moet saam met die 2 wedvlug name en die lid se naam gebruik word om die matriks onder aan die linkerkant van die skerm te voltooi.
7. Daar is 'n "Clear" blokkie wat gebruik kan word om die matriks skoon te maak voordat dit voltooi word, aangesien dit normaalweg die data van die vorige klok sal bevat.
8. Die tabel van duiwe wie se klok data reeds ingelees is verskyn regs in die middel van die skerm en bou op soos wat die verskillende klokke se data bygevoeg word. Hierdie tabel word nie outomaties skoongemaak wanneer die program aan die begin van die naweek se verwerkings gelaai word nie en sal dus aan die begin altyd die vorige naweek se data bevat. Onthou dus om net voordat die eerste klok ingelees word, hetsy dit Benzing, Tipes of Bricon is, eers die vorige naweek se data uit die tabel te verwyder. Dit word gedoen deur op die "Clear All Clock Records" blokkie te klik. Hierdie opsie moet ook uitgevoer word indien daar om een of ander rede besluit word om weer alle klokke van voor af in te lees.
9. Na voltooiing van die matriks in 6 hierbo, word op die Icon van die "interface" program op die onderste lyn van die skerm geklik, sodat die venster weer op die skerm vertoon word.
10. Klik eerstens op die "Setup" opsie.
11. Klik dan op die volgende skerm wat verskyn op die "Readout Flightdata" opsie.
12. Klik nou op die volgende skerm altyd op "Race 1".
13. Twee boodskappe sal nou van Windows af volg om aan te dui waar die data bewaar gaan word. In albei gevalle word daar elke keer net op die "Save" opsie geklik.
14. Indien die lêer reeds bestaan, sal Windows dit aandui en vra watter aksie uitgevoer moet word. U klik hier op die "No" opsie om te verseker dat die leer wel oorskryf word. Die program lees nou die klok se data en na voltooiing van hierdie proses klik u op die "Close" opsie om terug te keer na die vorige skerm.
15. Op hierdie skerm vorige skerm word die "Close" opsie weer gebruik om die "interface" program te sluit en by die Winbird program aan te sluit.
16. Die data wat so pas gelees is moet nou by die ander data wat reeds gelees is en in die tabel in die middel van die skerm verskyn, bygevoeg word deur aan die regterkant van die skerm op "Interpret Race Data" te klik.
17. Indien u klub ook aan elke lid 'n lys van geklokte duiwe voorsien, moet u klik op die "Print Member Data" blokkie om 'n lys te druk van die geklokte duiwe.

18. Klik u op die “Close” blokkie, wat regs bo aan die skerm is, om na die spoed berekening skerm terug te keer.
19. Koppel nou die volgende klok en herhaal vanaf stap 1.
20. Nadat alle klokke se inligting ingelees is, sal die “Electronic Clocks Option” skerm op die rekenaar verskyn en kan u voortgaan om al die elektroniese klok data vanuit die tabel in 16 hierbo by die uitslae voeg soos omskryf in Afdeling F.

## **G. BYVOEG VAN ELEKTRONIESE KLOK DATA BY DIE UITSLAG LEERS**

1. Data word vanaf die “Electronic Clock Option” skerm by die uitslag leers gevoeg. Indien hierdie skerm nie op die rekenaar verskyn nie, kan hy gelaai word deur die “Import Electronic Clocks” opsie aan die linkerkant van die spoed berekening skerm te kies.
2. Op hierdie skerm klik u op die “Import data into Race Results from Hard Drive” blokkie om die byvoeging van die elektroniese klokke se geklokte duiwe by die wedvlugte te voeg.
3. Die program neem ’n rukkie om die data in die wedvlug leers in te voeg en sodra al die data ingevoeg is, sal ’n boodskap vertoon word om aan te dui dat die aksie voltooi is. U moet die stap bevestig deur op die OK blokkie in die boodskap te klik om terug te keer na die spoed berekening skerm.
4. Alle elektroniese klok data is nou verwerk en die volgende stap is om die klok variasies van lede wie se klokke nie korrek is nie, een vir een reg te stel deur die “Change Clock Variation” opsie op die spoed berekening skerm te kies.
5. Nadat die klok variasies reggestel is, volg die laaste stap, nl. om die genomineerde duiwe te merk. Dit word gedoen deur wedvlug vir wedvlug uit die “Drop Down Box” te kies en vir elke wedvlug die lede met genomineerde duiwe met die “Get Member/Flyer” opsie te kies. Nadat die lid gekies is word sy genomineerde duiwe een vir een met ’n klik van die muis aktief gemaak en sodra die duif aktief is, verskyn die duif se data in die blokkies velde. Daar word nou op die “Nominate Bird” blokkie langs die letters opskrif geklik en in die geval van ’n enkel nominasie, sal die nominasie outomaties bygevoeg word, terwyl daar uit die lys van nominasies gekies kan word indien daar meer as een nominasie kode vir die wedvlug is.
6. U is nou gereed om die hand klok data in te tik.

## H. HAND KLOK DATA

Indien alle stappe soos hierbo beskryf, korrek nagekom is, sal die spoed berekening skerm op hierdie stadium op die rekenaar vertoon word.

Op die spoed berekening skerm verskyn daar regs, ongeveer in die middel, 'n "Drop Down Box" met die name van die naweek se wedvlugte. Klik op die "drop down" teken en kies die wedvlugte een vir een uit die lys.

Sodra u 'n wedvlug gekies het, kan u voortgaan om die data van 'n lid vir daardie wedvlug in te sleutel en die detail stappe van hierdie proses is soos volg:

1. Klik op "Get Member/Flyer" en kies die betrokke lid wie se data ingesleutel gaan word, uit die tabel van lede. Indien daar meer as een kombinasie van klok stel tye is, sal die program ook vra dat die korrekte een met die klik van die muis gekies word.
2. Druk die "TAB" sleutel twee keer en voltooi die klok variasie van die betrokke lid se klok.
3. Druk weer die "TAB" sleutel en voltooi die ring nommer van die duif. Indien u klub alle lede met hand klokke, se duiwe wat aan wedvlugte gaan deelneem, vooraf ingesleutel het, sal die program die letters, jaartal, geslag en kleur van die duif outomaties voltooi en is dit slegs nodig om die kloktyd te voltooi. Anders moet hierdie data vir elke duif voltooi word. Onthou, om vir eenvormigheid met die elektroniese klokke, slegs die 2 syfers van die jaartal te voltooi en die eeu weg te laat. Die program sal na die voltooiing van die kloktyd, die spoed bereken en outomaties in die spoed kolom voltooi.
4. Indien die duif 'n genomineerde duif is, moet u op die "Nominate Bird" blokkie, wat bo net langs die letters opskrif is, klik en indien daar slegs een nominasie opsie vir die wedvlug is, sal die program die enkele nominasie kode outomaties by die duif byvoeg. Indien daar meer as een nominasie opsie vir die wedvlug is, sal al die moontlike opsies verskyn en moet u die toepaslike opsies een vir een met 'n klik van die muis kies.
5. Die proses word vir elke duif wat geklok is herhaal en sodra u al die duiwe van die lid vir die wedvlug ingesleutel het, gaan u terug na die "Drop Down Box" met wedvlug name en kies die volgende wedvlug.
6. Al die stappe van 3 tot 5 word nou weer vir die duiwe wat in hierdie wedvlug geklok is, herhaal.
7. Die volgende lid se data word nou ingesleutel en die proses vir die volgende lid begin weer deur op die "Drop Down Box" met wedvlug name te klik en weer met die eerste wedvlug te begin. Die proses wat hierbo in 1 tot 6 beskryf is word herhaal totdat alle duiwe wat geklok is van alle lede en vir alle wedvlugte van die naweek ingesleutel is.
8. Die data van die hand klokke is nou ingesleutel en u verlaat die spoed berekening skerm deur op die "Close" blokkie wat regs bo op die skerm verskyn, te klik en dan voort te gaan om uitslae te druk ens.